

17 Maart

SKRIF: Lukas 22:19-23

Toe vat Jesus die brood, sê vir God daarvoor dankie, breek dit in stukke en gee dit vir almal, “Neem dit en eet,” sê Hy. “Dis my liggaam. Dink elke keer aan My as julle saam hierdie brood eet. Onthou dat Ek my lewe vir julle gegee het.”

Toe almal klaar geëet het, vat Jesus die beker wyn en sê: “Hierdie wyn wys dat God ‘n nuwe ooreenkoms met julle aangaan. My bloed sal al julle sondes wegvat.

“Maar Ek het ook slegte nuus, een van julle gaan My verraai. God het besluit dat Ek moet ly. Maar daar wag ‘n groot straf op dié een wat My verraai.”

Die dissipels vra toe vir mekaar. “Wie sal so iets aanvang?”

AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se skrifgedeelte

NEEM DIT AAN:

As jou ouers wil kan julle brood en vrugtesap gereed kry voordat julle die Bybelversies weer deurlees. Breek die brood en gee dit vir mekaar aan. Skink vir elkeen ‘n glasië vrugtesap. Eet die brood en drink die sap, en dan dink julle hoe Jesus se liggaam stukkend geslaan is en hoe Hy gebloei het. Hy het dit uit liefde vir ons gedoen.


Hoekom het Jesus vir Sy dissipels brood en wyn gegee tydens die laaste maal?

Wat het na die ete gebeur?

As ons nagmaal gebruik en die brood eet en die wyn drink, waaraan laat dit ons dink?

GEBED:

Here, baie dankie dat ons elke dag genoeg kos het om te eet.



18 Maart

SKRIF: Lukas 22:24-27

Die dissipels het gestry oor wie van hulle die belangrikste is, Jesus sê vir julle: “Moenie soos konings probeer wees nie. Hulle hou mos daarvan om oor ander baas te speel. As julle in My oë belangrik wil wees, dan moet julle respek vir ander mense hê, maak nie saak wie hulle is nie. Moenie dink julle is oulik nie. Elkeen van julle wat ‘n leier in die kerk is, moet ander gelowiges help. Julle moet vir hulle omgee. Kyk net wat Ek kom doen het. Ek is die heel belangrikste van almal, maar Ek het my koningsklere uitgetrek om julle te kom dien.

AANDAG: Gesels met mekaar oor hoe julle ander kan help. Watter van die woorde sal jy gebruik om Jesus te beskryf: trots, jaloers, nederig




NEEM DIT AAN:

Sê nou maar julle skool besluit om konsert te hou. Julle gaan ‘n storie opvoer van ‘n koning en koningin wat in ‘n groot paleis gewoon het. Elke dag het ‘n arm bedelaar vir die koning kom kos vra vir sy siek kind. Watter rol sal jy graag wil speel - die koning/koningin/bedelaar/siek kind. Wil jy graag die belangrikste wees?

GEBED:

Here dankie dat U ons geleer het om nie altyd beheer oor ander oor te neem nie.



19 Maart

SKRIF: Lukas 22:28-30

‘Julle is so kosbaar vir My! Julle het heelyd by My gestaan. Daarom het Ek ‘n wonderlike geskenk vir julle. Ek gaan vir julle elkeen ‘n plek gee daar in die nuwe wêreld van God. Daar sal ons almal saam bly wees. Julle sal die eregaste aan my tafel wees. Ja, julle sal ook saam met My oor Israel oordeel.’”

AANDAG: Lees weer die gedeelte aandagtig deur. Gesels met mekaar oor hoe julle dink die ‘nuwe wêreld’ gaan lyk.




NEEM DIT AAN:

Dink aan iets wat jy in die week vir iemand kan doen om hom/haar te ondersteun of gelukkig te maak.

Luister na die liedjie: The Table van Chris Tomlin

GEBED:

Bid vir iemand wat jy ken wat swaarkry, hartseer is of siek is. (Die ringvinger van die Vyf-vinger Gebed)



20 Maart

SKRIF: Lukas 22:31-34

Jesus sê toe vir Simon Petrus: “My liewe Simon, as jy net weet hoe hard die duiwel probeer om julle uit my hand uit te ruk. Maar moenie bekommer nie. Ek het vir jou gebid! Ek het vir God gevra dat jy nooit sal ophou glo nie. Nou is jou geloof swak. Maar een van die dae sal dit anders wees. Wanneer daardie dag aanbreek, moet jy asseblief mooi kyk na al die ander gelowiges. Sorg dat hulle geloof dan ook sterk is!”

Petrus antwoord vinnig. “Here, U moenie bekommer nie. Ek sal U nie los nie, ook al moet U tronk toe gaan of doodgemaak word!”

Toe antwoord Jesus: “Petrus, moenie so seker wees nie. Nog voor die haan môreoggend kraai, sal jy drie keer maak of jy My nie ken nie.

AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se versies.



NEEM DIT AAN:

Het iemand jou al ooit in die steek gelaat of nie ‘n belofte nagekom nie?


Hoe voel jy as dit gebeur - hartseer? kwaad? teleurgesteld?

Het jy al mense wat jou in die steek gelaat het vergewe?

Kan jy onthou of jy al ‘n belofte verbreek het?

GEBED:

Here, help my om nie dinge te belowe wat ek nie sal kan nakom nie of wat ek nie behoort te doen nie. Help my ook om mense wat my seergemaak het, te vergewe.



21 Maart

SKRIF: Lukas 22:35-38

Jesus sê vir die ander dissipels: “Onthou julle hoe Ek julle ‘n ruk gelede uitgestuur het om vir die mense te gaan sê God se nuwe wêreld is hier? Wel, toe het julle nie geld of ekstra klere saamgevat nie. Het julle toe een aand honger gaan slaap?”

“Nee!” antwoord hulle.

“Maar kyk, vannag is alles anders! Nou moet julle al julle geld vat. Pak julle klere in. Want vanaand sal dit nie help om vir die mense van God te vertel nie. Want nou wag daar ‘n swaar tyd op My. Julle ken mos daardie woorde in die Bybel: “Hy is soos ‘n misdadiger behandel?: Ek gaan dit vanaand waar maak!”

Toe sê die dissipels: “Ons sal doen wat U sê. Ons het darem twee swaarde hier tussen ons.”

“Dis meer as genoeg.” Sê Jesus.

AANDAG: Gesels met mekaar oor hoe die Here vir julle sorg.

NEEM DIT AAN:

Sê nou daar is gevaar en jy moet haastig wegvlug - wat sal jy alles inpak?


Wat dink jy gaan deur die dissipels se gedagtes as Jesus se hulle moet hul klere inpak, al hul geld vat en swaarde saamneem?

Waarop wou Jesus hulle voorberei?

Hoe sou jy gevoel het as jy een van die dissipel was?

GEBED:

Here, soms gaan ons deur moeilike tye. Dankie dat U altyd by ons is.



22 Maart

SKRIF: Lukas 22:39-41

Na die ete het Jesus opgestaan en na die Olyfberg toe gestap. Sy dissipels is ook saam. Toe Hy daar kom, sê Hy vir hulle: “Bid dat julle nie sonde doen nie.” Jesus het toe ‘n ent van hulle af weggestap. Daar het Hy op sy knieë geval en gebid.

AANDAG: Wat leer ons uit hierdie gedeelte:

Jesus het gereeld tyd gemaak om te bid en daarom moet ons ook gereeld bid. Onthou jy kan enige tyd en plek in die dag of nag bid.

Jesus sê ons moet bid dat ons nie in versoeking kom nie. Dit is dat ons nie JA sal sê vir die dinge wat die duiwel wil hê ons moet doen nie.



NEEM DIT AAN:

Hier is ‘n paar versoekings: (Vra jou ouers om dit vir jou te verduidelik as jy nie verstaan nie)

1. Dwelms
2. Jok
3. Vloek (of met iemand lelik praat)

Is daar nog ander versoeking waaraan jy kan dink?

Is daar ‘n stil plekkie in julle tuin of huis waar jy graag met die Here praat?

GEBED:

Hemelse Vader, help ons om enige versoeking te vermy en te oorwin. Amen